
nuuseum
.media

# ERFENIS VIR DIE TOEKOMS

nuuseum
.media



# Nuuseum bou aan die grootste digitale argief in Afrikaans

Nuuseum is ’n maatskappy sonder winsbejag wat die breë Afrikaanse kultuurerfenis digitaal wil bewaar en ontsluit. In ’n tyd waarin fisiese argiewe onder druk verkeer weens wanadministrasie, verval, gebrek aan befondsing en beperkte toegang, bied Nuuseum ’n alternatiewe benadering: om met tegnologie, kundigheid en sorg historiese materiaal te bewaar en toeganklik te maak.

By Nuuseum glo ons dat argiewe nie net oor dokumentasie gaan nie, maar oor gemeenskap, herinnering en nuwe moontlikhede. Daarom onderhou ons ’n digitale argief en aanlyn databasis wat dien as ’n platform vir ontdekking, navorsing en kreatiewe hergebruik.





Portrette uit Harold Gribbel versameling | Paarl en omstreke | 1850-1920 | Drakenstein Heemkring

# Visie en Missie

Nuuseum se visie is om die totale Afrikaanse kultuurerfenis op ’n toeganklike, innoverende en dinamiese digitale platform te bewaar en met almal te deel. Ons strewe na ’n lewendige, toeganklike argief wat gemeenskappe verbind en erfenis laat voortleef vir toekomstige geslagte.

Ons missie is om relevante digitale materiaal langtermyn te bewaar en toegang daartoe te verseker vir navorsing, uitstallings en openbare betrokkenheid binne die raamwerk van verantwoordelike erfenisbestuur.

Nuuseum versamel materiaal van historiese, wetenskaplike, kulturele en tegnologiese waarde, van nuusmedia, televisie en die kunste tot familiestambome, kerkgeskiedenis en landbou. Met ons inklusiewe benadering wil ons verhale insluit wat voorheen afgeskeep en ongedokumenteer is. Ons werk saam met argiewe, museums, biblioteke, individue en erfenisorganisasies regoor Suid-Afrika om hierdie erfenisrykdom te ontsluit.

Ons is oortuig dat **erfenis** nie iets is wat bewaar word sodat dit net stil kan lê nie, maar **moet lewe kry deur gebruik, vertolking en gesprek.**




TYDSKRIF IN AFRIKAANS




LIMB

**Vier steunpilare** maak nuuseum ’n unieke instansie toegewy aan die bevordering van erfenis:

- **DIGITALISERING**
- **BEWARING**
- **TOEGANKLIKHEID**
- **AKTIVERING**



# Wat doen Nuuseum?

Nuuseum bied verskeie dienste wat op modulêre wyse pasgemaak word vir elke projek:

**Digitalisering**
Nuuseum digitaliseer dokumente, boeke en foto's en werk saam met verskeie vennote om ook klank, film en video te digitaliseer. Met gevorderde tegnologie tot ons beskikking kan ons erfenis doeltreffend digitaliseer. Dit skep verskeie oplossings vir die bewaring, bestuur, toegang, en gebruik van versamelings.

**Bewaring**
Nuuseum werk met verskillende versamelings, van eenvoudige dokumente tot komplekse en diverse materiaal. Projekte begin met 'n deeglike evaluasie van die versameling se toestand, risiko's en konteks sodat elke versameling met sorg voorberei kan word vir digitalisering. Nuuseum bied ook die opsie om die digitale materiaal in ons digitale argief te bewaar en te bestuur.





Terwyl ons fokus op digitalisering val, erken ons die waarde van fisiese bewaring en verleen ons ook bystand om die fisiese integriteit van versamelings te beveilig waar nodig.

**Toeganklikheid**

Nuuseum se digitale platform is ontwerp om materiaal op ’n toeganklike, gebruikersvriendelike en visueel aantreklike manier aan te bied. Die platform bied aan instellings, gemeenskappe en individue die geleentheid om hulle erfenismateriaal op ons platform sigbaar en bruikbaar te maak sodat diverse gehore toegang kan kry tot ryk en dikwels onbekende bronne. Op dié manier bevorder Nuuseum die deel, ontdekking en herinterpretasie van geskiedenis in ’n digitale ruimte waar elke stem kan saampraat.

**Kommunikasie**

Nuuseum bevorder interaksie met argiefinhoud deur middel van werkwinkels, uitstallings, opvoedkundige programme en gevorderde data-ontledings. Deur verskillende ingange tot die argief te skep maak ons nie net inhoud beskikbaar nie, maar ook relevant en inspirerend vir uiteenlopende gehore. Die verspreiding van digitale versamelings brei toegang tot kultuur en kennis op radikale wyses uit en demokratiseer gebruik op betekenisvolle maniere.



**Arend Hendricks (trompet), John 'Joepies' Thomas (banjo) | circa 1970 | Chris Hendrickse-versameling**

# Waarom Digitale Erfenis?

Erfenis leef nie net in museums en biblioteke nie. Dit leef in dokumente, foto's, musiekopnames en publikasies, maar baie van die materiaal is broos, ongekatalogiseer en blootgestel aan risiko's soos klimaatskade, fisiese verval, beperkte hulpbronne en afgeleë liggings.

Digitale erfenis bied 'n oplossing vir bewaring en ook vir heraktivering:

- Dit maak toegang moontlik waar fisiese toegang beperk is.
- Dit laat gebruikers toe om te soek, te vergelyk, te vertaal, en te herlees.
- Dit maak soektogte deur groot versamelings meer effektief.

Nuuseum se **digitale infrastruktuur** laat nie net toegang toe nie, maar stimuleer nuwe gesprekke en maniere van navorsing en lees.

Op Nuuseum se platform kan jy **met een kliek woord vir woord** deur duisende historiese tekste **soek.**



# Agter die Skerms

Die digitalisering van argiefmateriaal is meer as net skandering. Dit verg kundigheid, tegniese sorg, intellektuele arbeid en samewerking.

Só werk ons:

- Identifiseer belangrike versamelings
- Berei materiaal voor en bewaar dit
- Doen hoë-resolusie-digitalisering
- Ontgin outomatiese en handgedrewe metadata
- Bewaar digitale materiaal
- Bied toegang tot materiaal op platform
- Skep aktiveringsprojekte

# Hoe het advertensies vroue in die 1930s geteiken?

### Skoonheidsprodukte
Vrou as elegant, geurig en versorg, produkte help ontspan na sosiale pligte, klem op aantreklikheid en jeug

### Huishoudelike rol
Vrou as primêre kok en versorger, kookboek as hulpmiddel tot huishoudelike bestuur

### Kinderprodukte
Moeder as verantwoordelik vir kindergesondheid, produkte dra by tot groei en geluk

### Vroulike gesondheid
Vrou as fisies oorlaai, selfmedikasie as deel van haar huishoudelike plig



# Toekomsvisie

Die bou van ’n digitale erfenisplatform is nooit klaar nie. Dit beweeg saam met tegnologie en saam met mense en word voortdurend deur nuwe vrae gedryf. Nuuseum beplan om oor die volgende vyf jaar dit moontlik te maak:

- ’n Soekenjin wat deur intelligente ontleding en taalmodelle gebruikers toelaat om vrae aan die argiefmateriaal te stel soos: Hoe is vroue geteiken in advertensies van gesondheidsprodukte en hoe verander dit met die tyd? Of: Hoe het produkpryse gestyg voor en na sanksies in die 1980’s?
- ’n Self-inskrywingsfunksie vir gemeenskappe waar mense hulle eie materiaal kan bydra en saam nuwe erfenis skep.
- ’n Teater- en kunsplatform.
- Navorsingsamewerking met universiteite en skole om van Nuuseum ’n aktiewe leerplatform te maak.
- Internasionale samewerking met soortgelyke platforms in ander dele van die wêreld om Suid-Afrikaanse stories op globale vlak sigbaar te maak.

**Nuuseum is**
'n toekomsgerigte
organisasie wat met
sorg en kreatiwiteit werk
om ons verlede
te bewaar en saam
**die toekoms** te bou.

# Vennote


Nuuseum bestaan nie in isolasie nie.
Ons werk in venootskap met:

- Universiteite en navorsers wat argiewe as bronne vir akademiese insigte gebruik.
- Kunstenaars, film- en teatermakers wat argiewe gebruik vir kreatiewe projekte soos films, dans, beeldhouwerk en klankinstallasies.
- Gemeenskappe wat hulle eie geskiedenis wil bewaar en deel.
- Erfenisorganisasies, museums, argiewe, en biblioteke wat toegang tot hulle versamelings wil verbeter.
- Individue en besighede met waardevolle versamelings wat dit graag wil bewaar en beskikbaar maak.



**Ruan Schultz, 2025**

**Nuuseum ondersteun** museums, argiewe, biblioteke, maatskappye, erfenisorganisasies, individue en organisasies sonder winsbejag **om erfenis te bewaar** en toeganklik te maak.




**AF Louw fotoalbum | circa 1901 | NG Kerkargief Stellenbosch**

# Hoe Kan Jy Betrokke Raak?

Nuuseum is ’n gemeenskapsprojek gebou op samewerking, betrokkenheid en die gees van deel:

- Het jy ou familiedokumente, briewe of foto’s? Ons help graag met digitalisering of raad oor hoe om dit veilig te bewaar.
- Is jy ’n navorser of student? Gebruik ons argief, deel jou insigte of werk saam aan publikasieprojekte.
- Het jy kennis of tyd? Ons soek altyd vrywilligers om te help met metadata, konteksplasing, en proeflees.
- Volg ons, deel ons stories. Elke kliek, elke deel, elke gesprek help om die argief lewend te hou.

Wil jy graag ’n bydrae maak? As ’n maatskappy sonder winsbejag is ons afhanklik van befondsing en skenkings. Jy kan direk bydra tot die bewaring van ons geskiedenis.

***Besoek gerus: https://nuuseum.media/skenkings/***



Groep vroue uit die Naweekpos | 1954 | NG Kerkargief Stellenbosch

# Sluit aan by die Vriende van Nuuseum

Die Vriende van Nuuseum is vir almal wat belangstel in die argiefwêreld en graag ingelig wil bly oor nuwe digitale versamelings, tegnologie en die skatte wat uit ons argiewe te voorskyn kom.

As deel van hierdie netwerk ontvang jy ons nuusbrief, word jy genooi na werkswinkels en spesiale gesprekke en kry jy vroeë toegang tot stories en inhoud wat nog nie wyd beskikbaar is nie.

Sluit vandag aan by die Vriende van Nuuseum en ondersteun die werk om ’n diverse Afrikaanse kultuurerfenis vir die toekoms te bewaar en lewend te hou.

***https://nuuseum.media/raak-betrokke/***



# Kom Loer Self!

Skandeer onderstaande kode met jou foon
en verken Nuuseum se digitale argief:

**Nuuseum se platform:**
***https://nuuseum.media/***

**Krediet:**
Argiefmateriaal is gebruik met toestemming van die volgende instansies (materiaal digitaal beskikbaar op Nuuseum se platform).

- NG Kerk Stellenbosch Argief
- Taalmuseum en -monument
- Chris Hendrickse en sy familie-argief
- Jan van Riebeeck Hoërskool
- Drakenstein Heemkring, Paarl
- David Farrant-mikrofilmversameling

Vir meer inligting oor die materiaal en foto's wat gebruik is volg die skakel *https://nuuseum.media/oor-ons/*

**Kontak ons:** ***info@nuuseum.media***

**www.nuuseum.media**